DEEL 2 – ANTWOORDE

1. Die Lange dra ’n bril en die Dikke is rooi in die gesig.
2. Dit wys vir ons hulle dink hulle is beter as Fiela omdat hulle blank is en sy bruin./Dit wys hulle meerderwaardige houding teenoor Fiela en Selling omdat hulle blank is en Selling en Fiela bruin.
3. Hulle is rassisties en dink niks van bruin mense nie.
4. Ja, want in die tyd wat die drama afspeel, het bruin mense die blank mans “Baas” genoem.
Nee, want dit stryk nie met haar karakter as matriarg en leier in haar gesin nie.
5. Hulle doen ’n sensusopname.
6. Alle handeling in die drama spruit voort uit hulle aankoms./Dit is die begin van die opbou van die spanning in die drama.
7. Sy besef hulle gaan vrae oor Benjamin vra.
8. Hy betrek haar ervaringswêreld, want hy besef sy is ’n boer en sal dit in daardie sin kan verstaan.
9. Fiela hoop die volstruiswyfie breek uit en hardloop weg sodat die kinders haar kan gaan soek.
10. Dikke impliseer dat bruin mense nie kan lees en skryf nie./Dikke impliseer bruin mense (en dalk mense op afgeleë dorpe) is ongeletterd.
11. Dit is veralgemening/stereotipering.
12. Ja, want hy dink alle bruin mense kan nie lees en skryf nie.
13. Hulle noem haar “vrou”.
14. Lange beskou vir Fiela en Selling as minderwaardig en onbelangrik; daarom ignoreer hy hulle name.
15. Nee, sy optrede is nie korrek nie. Hy moes hulle met respek aangespreek het.